

Page 249 - 368  
s. store 326.323.2(68232) com  
COPY FOR MR. PARKINGTON.

VOLUME IV.

COMMISSION OF ENQUIRY TO ENQUIRE INTO THE EVENTS  
IN THE DISTRICTS OF VEREENIGING, NAMELY THE  
MARPEVILLE LOCATION AND EVATON, AND VANDERBIJL-  
PARK, TRANSVAAL PROVINCE, on 21st MARCH, 1960.

WEDNESDAY, 20th APRIL, 1960 at  
10.00 a.m.

WITNESSES:  
ALSO:  
AS BEFORE.  
Mr. J.F.W. LOUW and } On behalf  
Mr. I. SMULLEN of } of the  
Snyman, Smullen } Basutoland  
& Smuts-Muller } Government.

CONTENTS

<u>LETTER FROM THE EDITOR OF SAPA</u>	Pages 249 - 250
<u>Q.S. FOURIE:</u>	
Mr. Claassen - through the Chairman	Pages 250 - 251
Mr. Kentridge - Through the Chairman	" 251 - 252
<u>H.G. THERON:</u>	
Evidence-in-Chief	" 252 - 279
Cross-examination	" 279 - 348
Re-examination	" 348 - 349
By the Chairman	" 349 - 355
By Mr. Kentridge - through the Chairman	" 355 - 356
<u>J.N.P. COETZEE:</u>	
Evidence-in-Chief	" 356 - 362
Cross-examination	" 362 - 367
By the Chairman	" 367
Re-examination	" 368



COMMISSION OF ENQUIRY TO ENQUIRE INTO THE  
EVENTS IN THE DISTRICTS OF VEREENIGING,  
NAMELY THE SHARPEVILLE LOCATION AND EVATON,  
AND VANDERBIJLPARK, TRANSVAAL PROVINCE, on  
21st MARCH, 1960.

WEDNESDAY, 20th APRIL, 1960  
at 10.00 a.m.

APPEARANCES:

AS BEFORE.

Also:

Mr. J.P.W. LOUW and } On behalf  
Mr. I. SMULLEN of } of the  
Snyman, Smullen } Basutoland  
& Smitz-Muller } Government.

MNR. CLAASSEN: Edelagbare, in verband met 'n aanhaling wat my geleerde vriend, mnr. Kntridge, gemaak het, omtrent die aantal Bantoes wat teenwoordig sou gewees het by die Sharpeville onluste, mag ek die vergunning kry om 'n brief uit te lees wat ek gekry het van die Redakteur van Sapa?

DIE VOORSITTER: Ja, sekerlik.

MNR. CLAASSEN: Dit is aan my geadresseer.

"Our enquiries show that the Minister of External Affairs, Mr. E.H. Louw, used the figure of 20,000 when he referred at the Press Conference of foreign correspondents on Monday to the number of Bantu who marched past on the Police Station at Sharpeville. He here The figure of 40,000 quoted in our original message, was wrong, and we have already issued a correction to this report".

Het u van enige Bantoes gehoor dit die rede



this up. When I put a question to the Witness, I took it from a report in the "Transvaler" and the "Rand Daily Mail", which was apparently based on the SAPA message. In view of this correction by SAPA and by the Minister, I may say that I fully accept the correction and it follows that my question to the Witness and the point I was trying to make, must fall away completely.

THE CHAIRMAN: Thank you.

---

QUARTUS STEPHANUS FOURIE, onder vorige eed:

MNR. CLAASSEN (DEUR DIE VOORSITTER): Indien getuienis gelei sou word dat Bantoes deur 'n blanke Polisieman gesê was om na die Polisiestasie te kom, dra u enige kennis daarvan? --- Gedurende die nag - ek was daar alleenlik gewees vanaf kwart-voor-twaalf, ongeveer, tot 3.30 v.m. van die 21e. Daar was geen blankes deur my in daardie lokasie gesien nie, behalwe die Polisie in univorm, die Speurdiens wat in privaat drag was, en van die Munisipale Nie-Blanke Sake -mense van wie party in privaat-drag was. Verder was daar geen blankes wat deur my opgemerk was nie.

Ek bedoel eintlik, dat indien 'n blanke lid van die Polisie aan die Bantoes in die lokasie sou gesê het om na die Polisiestasie te kom, dat hulle hier sou toegesprek word deur die Hoof van Polisie, van Pretoria - weet u van enige ...? --- Ek dra geen kennis van so-iets nie.

Het u van enige Bantoe gehoor dat dit die rede

--- was ---



was waarom hy gekom het na die Polisie-stasie? --- Nee; ek het niks gehoor nie.

MNR. KENTRIDGE (DEUR DIE VOORSITTER): Luit. Fourie, u het melding gemaak van die Polisie en die beamptes van Vereeniging se Munisipaliteit. Was daar nie ook 'n skietkommando in Vereeniging nie? --- By Sharpeville?

In Vereeniging? --- Ja, daar is 'n skietkommando in ...

Was hulle op diens op die 21e? --- Nee; geen skietkommando-lid was op diens gewes in Sharpeville daardie nag nie.

Op die 21e, was die skietkommando op diens? --- Dit sal ek nie kan sê nie.

DIE VOORSITTER: Het u enige lede van die skietkommando in die omgewing van enige van die polisie-stasies, waar u aangedoen het, gesien? --- Ja; by Vanderbijlpark.

Het u van die lede gesien? --- Ja.

En het hulle enige wapens by hulle gehad? --- Ek ken die skietkommando nie. Die oggend, by Vanderbijlpark, was daar blankes met gewere. Ek het aan hulle gesê om hulleself weg te - hulle moet nie daar by die Polisie-stasie wees met gewere nie; hulle moet die gewere gaan wegsit. 'n Persoon het homself voorgestel as die Kommandant van die skietkommando; ek het ongelukkig sy naam vergeet. Van die skietkommando's het aan my gevra of hulle kan saakou. Toe sê ek onder geen omstandighede nie. As daar 'n

--- skietkommando ---



Q.S. FOURIE  
Verdere Kruisverhoer  
H.G. THERON  
Hoofgetuigis.

skietkommando nodig gewees het, moet hulle aansoek doen by hulle Kommandant. Hulle kan nie individueel na die Polisiestasie aangestap kom nie. Die persone vir wie ek gesê het hulle moet hulle gewere gaan wegsit, het gehoorsaam en hulle het weggedraai.

HENDRIK GERT THERON, beëdig, verklaar:

VERHOOR DEUR MNR. CLAASSEN: Kapt. Theron, u is 'n kaptein in die Suid-Afrikaanse Polisie gestasioneer te Springs hoofkwartiere? --- Ja, dit is reg.

Op die 21e Maart van hierdie jaar, het u opdrag gekry van die Distrikskommandant te Springs? --- Opdrag gekry om na Vereeniging te vertrek met 'n aantal manne.

Hoe laat het u toe vertrek? --- Ek het om half-elf vertrek, op die 21e, 10.30 v.m. op die 21e Maart.

Wat was die sterkte wat u by u gehad het? --- Ek het by my gehad een blanke Hoofkonstabel, drie blanke Sersante en twaalf blanke Konstabels; een Bantoe-sersant en ag Bantoe-konstabels.

Met wat se voertuie het julle gery? --- Ons het met drie voertuie vertrek. Daar was een troepedraer, een bakkie en een motorkar.

Wat was die wapens en ammunisie wat die manskappe gehad het? --- Die manskappe was gewapen met twee stengewere en verskillend met .303 gewere en rewolwers, en 'n hoeveelheid ammunisie vir elke wapen.

Sluit dit die Bantoes ook in? --- Die Bantoes

--- was ---



was net gewapen met knopkieries.

Het u gesê drie stengewere? --- Twee stengewere.)

En hoeveel patrone vir die stengewere? --- 300  
patrone vir elke stengeweer.

En hoeveel .303 patrone is aan die manne gegee  
met die gewere? --- Hulle het elk 50 rondes gehad.

En die wat rewolwers gehad het? --- Hulle was  
net twaalf rondes gewapen.

Wat was die posisie toe u hier in Vereeniging  
aangekom het? --- Toe ek hier kom was ek eers by die  
Aanklagkantoor gewees. Ek het verneem dat die  
distrikskommandant, maj. van Zyl, by die Sharpeville  
-lokasie is. Ek is onmiddellik na die Sharpeville-  
lokasie. Ek het maj. van Zyl voor by die Munisipale  
kantore, by die ingang, aangetref en ek het my by hom  
aangemeld. Hy het my toe gesê dat ons nie sonder  
begeleiding van 'n Saracen die lokasie kon binnegaan  
nie. Ek het toe in die rigting van die lokasie  
gekyk. Ek het baie Bantoes daar gewaar. Hulle  
het in die straat beweeg, en langs die strate.

Watter tyd was dit omtrent? --- Dit was omtrent  
11.40 gewees dat ek daar gekom het.

In die voormiddag? --- Die voormiddag - 11.40.  
Ek het toe besef ons kan nie ingaan sonder dat ons  
die gewere laai nie, en ek het opdrag aan die  
manskappe gegee om hulle wapens te laai. Ons is  
onmiddellik daarna onder begeleiding van die Saracen  
die lokasie in. Talle Bantoes het ons op pad  
ontmoet, na die Polisieostasie. Hulle het net duine



was net gewapen met knopkieries.

Het u gesê drie stengewere? — Twee stengewere.)

En hoeveel patrone vir die stengewere? — 300  
patrone vir elke stengeweer.

En hoeveel .303 patrone is aan die manne gegee  
met die gewere? — Hulle het elk 50 rondes gehad.

En die wat rewolwers gehad het? — Hulle was  
met twaalf rondes gewapen.

Wat was die posisie toe u hier in Vereeniging  
aangekom het? — Toe ek hier kom was ek eers by die  
Aanklagkantoor gewees. Ek het vernem dat die  
distrikskommandant, maj. van Zyl, by die Sharpeville  
-lokasie is. Ek is onmiddellik na die Sharpeville-  
lokasie. Ek het maj. van Zyl voor by die Munisipale  
kantore, by die ingang, aangetref en ek het my by hom  
aangemeld. Hy het my toe gesê dat ons nie sonder  
begeleiding van 'n Saracen die lokasie kon binnegaan  
nie. Ek het toe in die rigting van die lokasie  
gekyk. Ek het baie Bantoes daar gewaar. Hulle  
het in die straat beweeg, en langs die strate.

Watter tyd was dit ontrent? — Dit was ontrent  
11.40 gewees dat ek daar gekom het.

In die voormiddag? — Die voormiddag - 11.40.  
Ek het toe besef ons kan nie ingaan sonder dat ons  
die gewere laai nie, en ek het opdrag aan die  
manskappe gegee om hulle wapens te laai. Ons is  
onmiddellik daarna onder begeleiding van die Saracen  
die lokasie in. Talle Bantoes het ons op pad  
ontmoet, na die Polisiestasie. Hulle het met duine



in die lug "Afrika!" geskree, na ons rigting; ander het ander dinge geskree wat ek nie kon hoor nie. "Afrika!" was vir my duidelik gewees. Ons is toe na die aanklagkantoor, na die Polisiestasie in Sharpeville. Toe ons daar kom, het ek 'n gesig aanskou wat my geskok het. Daar het duisende Bantoes, mans, vrouens en kinders, rondom die Polisiestasie saangedrom. Hulle het geraas, lawaai. Ander was nog besig om aan te kom, ook na die Polisiestasie-toe. Toe ons by die skare kom, het hulle met duine in die lug voor die saracen en voor my voertuig, ook, ingespring en "Afrika!" geskree. Dit het vir my geskyn asof hulle ons wou verhoed om in te gaan. Ons het uiteindelik daarin geslaag om deur hulle te kom, en ek is by die hek van die Polisiegronde in.

Het jy op daardie stadium enige wapens in hulle besit gesien? --- Daar was 'n groep wat met kieres in die lug geswaai het. Dit is wat ek gesien het.

Enige ander wapens? --- Nee; daar was nie ander wapens wat ek gesien het nie. Ons het ingekom. Ek het binnekant vir luit. Visser van die Kriminale Onderzoek-Departement gekry. Dit was aan die Westekant van die Polisiestasie. Ek het met hom gepraat. Hy het my meegedeel dat daar 'n telefoondraad reeds die vorige nag geknip is. Daar was ook ongeveer dertig blanke Polisie-manne en ongeveer dieselfde getal nie-blanke Polisie-manne, aan die Westekant van die Polisiestasie. Daar

--- het ---



het een Saracen gestaan aan die linkerkant, soos ek inkom by die hek, voor, en dit was beman gewees. Toe ek hoor van die bewering dat die telefoon en draad geknip is en ek sien die skare is lawaierig, hulle is baie opgewonde, het ek dadelik besef dat ons hier vandag in 'n baie moeilike posisie verkeer, en dat dit groot takt van my sou kos om die manskappe te beheer, om te keer dat daar nie een van hulle 'n onbesonne daad begaan wat kan aanleiding gee tot moeilikheid nie. Die vliegtuie was intussen besig om duikvlugte oor die skare te doen. Dit was na ek binnekant gekom het dat ek gehoor het hulle steek duine in die lug op en hulle sê, "Skiet maar"; na die vliegtuie het hulle gekyk - sekere van die skare. Die vliegtuie het ook kort na my aankoms weer vertrek.

Het dit enige uitwerking gehad op die skare? --- Dit het geen uitwerking op die skare gehad nie. Die lawaai was dieselfde. Ek sou sê dit het meer of min toegeneem. Dit het vir my geskyn asof 'n sekere groep van die skare die vliegtuie uittart.

Was daar geskiet, vanuit die vliegtuie? --- Geensins.

Wat sou u die grootte van die skare skat, met jou aankoms, daar? --- Met my aankoms - dit was om kwart-voor-twaalf dat ek binne die Polisiegronde gekom het. Ek sou sê die skare was toe seker tussen 10,000 en 15,000 gewees, met my aankoms, daar.

Wat was die posisie, volgens jou opmerkings? Het dit afgeneem, aangegroei of het dit staties gebly? --- Die skare het ek noukeurig dopgehou,



vir dié rede dat ek op daardie punt, by die Westelike ingang, die senior-offisier was, met my aankoms, daar. Ek het die skare noukeurig dopgehou en ek het altyd gesien dat hulle besig is om aan te groei. En namate die massas groter geword het, het die lawaai ook groter geword.

Wie het van jou oorgeneem? --- Van my het oorgeneem kol. Pienaar. Hy het ongeveer 1-uur daar aangekom - 1 n.m.

So, is dit nou reg dat van ongeveer kwart-voortwaalf tot eenuur, dit is vir 'n uur en 'n kwart, was jy in bevel, daar? --- Was ek op daardie punt in bevel. Ek het nie iemand anders daar gesien nie. Ek was die senior-offisier daar gewees.

Dit is nou op die Polisiegronde as geheel? Op die Polisieterrein was jy in bevel? --- Daar was Polisiemannes ook aan die Suidekant van die Poliestasie. Ek het rondgeloop en gesien daar is Polisiemannes; maar ek het nie 'n ander offisier daar gesien nie.

Op daardie stadium, waar was maj. van Zyl? --- Maj. van Zyl was nog, wat my betref, buitekant/die by Munisipale kantore, buitekant die lokasie gewees.

Waarin het jy die groot gevaar gesien, daardie dag? --- Ek het gesien die skare druk baie teen die draadomheining. Hulle was opgewonde, hulle was vol dreigemente. Ek het gehoor dinge wat daar gesê was, uit die skare gekom het, het ek gehoor.

DIE VOORSITTER: Wat het jy gehoor? --- "Afrika!" was geskre, met die duim in die lug. "We'll kill all  
--- you ---



you bastards today". "Africa for the Africans!"

Was dit in Engels gesê, wat jy nou in Engels sê?  
--- Soos ek dit nou in Engels sê, was dit in Engels  
gesê. Daar was Afrikaans ook gepraat. Daar was  
by voorbeeld genoem "Jou meer". Intussen het van  
die Bantoevrouens in ons rigting gespoeg, in ons  
rigting gespoeg. Ek het gesien hulle druk baie teen  
die draad; die draad hang na vore oor, tot 'n mate,  
en ek het onder die indruk gekom - en so het ek  
gevoel; dit was my gevolgtrekking - dat as hulle  
daardie draad sou platdruk, sou hulle ons daar  
oorrompel het, want ons was toe nie baie op daardie  
oomblik gewees nie. Dit is die gevaar wat ek  
gesien het in die skare, daar.

VERHOOR HERVAT:

/Totdat kol. Pienaar van jou oorgeneem het, was  
daar enige geweld gebruik? --- Daar was nie geweld  
nie, buiten dat hulle sy motorcar, toe hy wou inkom,  
met stokke geslaan het. Ek kan nie vir die Hof sê  
of hulle dit raakgeslaan het nie, maar ek het gesien  
daar is Bantoes wat met stokke na die motorcar slaan.

Was dit die eerste tekens van werklike geweld?  
Jy het gepraat van dreigemente. Was dit die eerste  
tekens van werklike geweld wat jy gesien het? ---  
Ek sou sê dit was die eerste tekens van werklike  
geweld wat ek gesien het.

Wat het toe gebeur, toe die kolonel daar aankom?  
--- Kol. Pienaar het binnekant gekom. Hy het my  
daar gekry, aan die Westekant. Hy het sake met  
my bespreek en ons het besluit - hy het bevel gegee  
dat ons die blanke manne moet aantree aan die  
Westekant van die Polisieostasie. Ons het dit gedoen.

--- Ons ---



Ons was al daarmee besig gewees, toe hoor ek hy gee bevel daar moet vyf rondes gelaai word.

Wat jou manne betref, hulle het reeds gelaai?  
--- Wat my manne betref, wat ek daar gebring het, was hulle reeds gelaai gewees. Blykbaar het die kolonel dit nie gewest nie; ek kan nie sê nie. Maar die bevel het ek gehoor van hom, dat daar vyf rondes gelaai moet word.

En het die manne toe aangetree? --- Hulle het toe aangetree.

Kol. Spengler was ook daar, nê? --- Ek het kol. Spengler by die hek gesien, aan die Westekant. Hy was daar gewees.

Het hy saam met kol. Pienaar daar aangekom, of na hom? --- Hy het 'n rukkie voor kol. Pienaar daar gekom.

Is - het daar enigiets gebeur wat hom betref?  
--- Kol. Spengler?

Ja? --- Ja; dit het vir my geskyn hy is besig om iemand te ondervra by die hek. Hy is van die Veiligheidstak. Hy was besig om iemand te ondervra, voor by die hek. Hy het toe weer teruggegaan. Na 'n kort rukkie het hy weer na die hek teruggekeer, vergesel van 'n ander speurder. Ek ken hom ongelukkig nie. Toe het dit vir my geskyn hy was besig, daar, om 'n arrestasie te maak, of, alternatief, 'n persoon daar te ondervra. Terwyl hy daarmee besig was, het die klomp by die hek vir hom teruggedruk. Hulle het ingestorm. Terselfdertyd het ek twee skote vernem. Dit het vir my gegaan dit was van die skare afkomstig. Dit het vinnig gegaan.



op daardie stadium. Daar het klippe en ander instru-  
mente oor die draad gekom, wat na ons geslinger was.  
Ek was op daardie stadium tussen die skare en die  
opgestelde ry Polisionanne gewees. Ek het gekyk en  
gesien een van die lede van die Mag, 'n blanke man,  
gryp hier na die linkerkant van sy lyf. Dit het  
vir my gelyk of 'n voorwerp hom getref het. Ek kon  
nie sien wat hom getref het nie. Toe die klippe  
kom - na die twee skote, en die klippe, het een van  
die manne in ons geledere sonder enige bevel 'n  
skoot gelos, of twee skote, en daarna het meer skote  
gevolg.

Van die manne wat daar in linie gestaan het? ---  
Van die manne wat daar in linie gestaan het.

Net voor ons verder gaan: Toe kol. Spengler  
die arrestasie uitvoer, was die manne alreeds in gelid?  
--- Hulle het reeds in gelid gestaan, ja.

En jy praat van 'n moontlike paar arrestasies  
wat hy uitgevoer het? --- Dit het vir my geskyn, het  
ek gesê, hy was besig om 'n arrestasie te maak, of  
alternatief iemand te ondervra, daar.

Dit het jou so voorgekom? --- Ja.

Was daar enige verandering in die houding, in die  
stemming van die skare, nadat hy dit gedoen het? ---  
Die lawaai het toegeneem, en dit het nog erger geword  
nadat hy daar gewees het. Maar daar was nie geweld  
gepleeg, wat ek gesien het nie. Maar ek sou sê,  
die lawaai het ietwat toegeneem, op daardie stadium,  
toe kol. Spengler daar gewees het, by die hek.

En het daar ander versterkings saam met kol.

--- Pienaar ---



Pienaar aangekom? --- Ja; voordat kol. Pienaar gekom het, het daar drie sraoens opgedaag, onder bevel van kapt. Brummer. Daar het manskappe saam met kol. Pienaar, self gekom.

Was dit die laaste versterkings wat aangekom het? --- Kol. Pienaar en sy manne was die laaste versterkings gewees. Dit was omtrent 1-uur die namiddag gewees.

En op daardie stadium, wat sou jy die grootte van die skare geskat het? --- Toe was dit ongeveer 1½ uur nadat ek daar aangekom het. Ek sou sê toe moes hulle enigiets tussen 15,000 en 20,000 gewees het - op daardie stadium, in die namiddag.

Om watter tyd het die skietery begin? --- Half-twee, ongeveer.

Hoe lank was dit nadat kol. Pienaar daar aangekom het? --- Dit was ongeveer 'n halfuur nadat hy daar aangekom het.

Watter stappe het hy gedoen, gedurende daardie halfuur dat hy daar was, behalwe nou die manne in gelid laat staan? --- Hy het niks gedoen nie. Ek glo nie, as ek my beskeie opinie mag gee, dat hy onder daardie omstandighede enigiets kon doen nie. Ek sal u sê hoekom sê ek so: Omdat kapt. Brummer, nadat hy met die drie sraoens en die versterkings gekom het, 'n luidspreker by hom gehad het, en hy het probeer met die skare praat; maar hulle wou hom nie kans gee om met hulle te praat nie. So, dit sou hopelees, waarskynlik, gewees het vir kol. Pienaar om enigiets te probeer, enige stappe te doen.

Wanneer u sê hulle wou hom nie 'n kans gee om met

--- hulle ---



hulle te praat nie - het hy wel gepraat? — Ek het hom nie gesien met die skare praat nie. Kapt. Brunner het.

Nee, ek bedoel kapt. Brunner? — Hy het wel gepraat.

Het die luidspreker? — Ja; hy het met die luidspreker gepraat.

Kon jy hoor wat hy sê? — Ek kon nie hoor nie. Daar was te veel lawaai gewees.

Hoe ver was u van hom gewees toe hy gepraat het? — Hy het van my af weggestap. Sê dat hy 20 treë van my af gaan staan het, en gepraat het. Ek het gesien hy praat oor die luidspreker.

DIE VOORSITTER: Het u sy stem hoegenaamd gehoor? — Ek het dit hoegenaamd nie gehoor nie.

VERHOOR HERVAT: Wat was jou indruk, dat die skare hom nie kon hoor nie, omdat hulle so geraas het, of dat hulle hom doelbewus doodgeskree, of gesing, of gedoen het? Wat was jou opinie? — Ek moet sê hulle het hom doelbewus doodgeskree, en doelbewus doodgesing, want ek reken meeste Bantoes is seker bekend met 'n luidspreker. Hulle weet wat dit is, daardie, wat 'n mens daarmee doen. So, as hulle hom wou toegelaat het om te praat, sou hulle stilgebly het en hom seker 'n kans gegee het om te praat. Maar hulle het nie stilgebly nie.

Laat ons vir 'n oomblik terugkom tot die tydperk dat jy in bevel daar was. Het jy enige stappe gedoen om die skare uiteen te kry? — Ek het van luit. Visser, wie ek daar gekry het, soos ek aan die begin

— goed —



gesê het, verneem wie die leier is; ek wou graag met hom praat. Toe het hy gesê hy sal hom soek, en later het hy aan my kom sê die leier is weg om te gaan eet. Die posisie het later toe so ontvlambaar geword, ek het gevoel ons is nie baie Polisie nie, ek moet liowers op hierdie stadium niks doen nie; en ek het gevolglik oor die radio van die saracen met maj. van Zyl gepraat, buitekant na die Munisipale huis-toe, en ek het vir hom die posisie daar geskets en vir hom gesê ek dink die dinge lyk gevaarlik, hier, of daar dan nie versterkings kom nie. Toe het hy vir my gevra of ek nog 'n bietjie kan aanhou, daar. Ek het gesê ja, ek sal probeer nog 'n bietjie aanhou.

Met ander woorde, verstaan ek dat jy dit nie raadsaam geag het om iets daadwerklik te doen om hulle uitmekaar te jaag nie? --- Ek kom aan niks dink nie. Ek het dit nie raadsaam geag nie.

En het jy gepoog om met hulle te praat? --- Ek het een tyd met een daar naby die hek probeer praat, maar hulle het so geraas en geskree dat ek nie weet of hulle gesien het ek praat, of gehoor het ek praat nie.

Dan kom ons nou weer terug na daardie tydperk onmiddellik voordat die Polisie begin skiet het. Ek dink jy het aan ons gesê dat geen bevel gegee is nie. --- Daar was nie bevel gegee nie.

Kan jy sê waarom die manne dan geskiet het? --- Dit is moeilik vir my om te sê. Die manne wat geskiet het - ek weet nie of ek namens hulle kan praat nie; maar soos ek die posisie daar opgesom het, het hulle waarskynlik gevuur as gevolg van die klomp wat by die



hek deurgebars het; as gevolg van die twee skote wat hulle ook miskien gehoor het, soos ek dit gehoor het; en as gevolg van die klippe en ander voorwerpe wat na hulle geslinger was. Dit is die meentlike rede waarom hulle begin vuur het. Meentlik het hulle gedink hulle was in doodsgevaar, op daardie oomblik gewes.

Wat sou u beskou het - nou vra ek u vir u eie beskouing - was die gevaar op daardie stadium. Vanwaar het dit gekom - vanweë die klipgoelery? Of wat? --- Op daardie stadium?

Ja; dit is nou net voor die skietery? ---

DIE VOORSITTER: Kaptein, u het gesien, daar, wat al die ander lede van die Polisie gesien het? ---  
Ja.

U was daar aanwesig saam met hulle gewes? ---  
Ja.

U het gesien hoe die skare opgetree het. Ek dink dit is waarop die vraag betrekking het.

VERHOOR HERVAT: Ek wil graag nou jou eie sienswyse hê. As jy reken dat die Polisie op daardie stadium, net voordat hulle geskiet het, werklik in groot gevaar verkeer; ken u net daardie gevaar beskrywe?

MR. KENTRIDGE: Mr. Commissioner, I quite understand my learned friend is fully entitled to put leading questions; the ordinary rules of Court don't apply; but, Sir, one can hardly help remarking that the value of the answer is so much less if the questions are put in that way.

--- DIE VOORSITTER ---



DIE VOORSITTER: Wel, mnr. Claassen, ek weet nie of dit eintlik 'n wenkvraag is nie. U sien, wat ons probeer peil is, soos deur u oë gesien; wat was die posisie, daar, onmiddellik voordat die eerste skoot gevuur was. U het gesien wat die manskappe gesien het - vermoedelik? --- Ja.

Wat was die posisie, daar? Was daar 'n posisie van onmiddellike en ernstige gevaar, of was daar nie so'n posisie nie? U is 'n Polisieman met jare ondervinding? --- Wat my betref, sou ek eerlik sê daar was op daardie stadium meer gevaar as wat daar was vandat ek daar gekom het, vir hierdie rede, omdat die posisie/<sup>was</sup> toe al so ontvlambaar gewees, die skare, gedeelte van hulle het by die hek ingekom, daar, en ek het gedink die ander gaan ook nou kom; die drade gaan nou platgedruk word. Dit was my indrukke daar, op daardie oomblik gewees, omdat die skote van die skare gekom het, en die klippe tege-lykertyd. Ek reken, om eerlik te wees in my gedagte, in my gewete, as die Polisie nie daardie oomblik gevuur het, soos hulle wel gedoen het nie, dan sou ons ongetwyfeld daar corrompel gewees het deur die Bantoes. Ons sou dan die posisie gehad het, as hulle oor die drade gekom het, dat hulle tussen ons ingekom het en ons sou nie in staat gewees het om ons vuurwapens doeltreffend te kon gebruik nie, omdat ons dan met hulle deurmekaar sou gewees het, blykbaar.

VERHOOR HERVAT: Wel, daar was die draadheining. Wat was die gevaar, dat hulle oor die draadheining sou klim? --- Die draadheining was toe al gedeeltelik na



vore gedruk deur die skare. Die skare het baie kwaai teen die draadheining aan gedruk. Ek weet nie hoe sterk is daardie draadheining nie, maar dit het vir my voorgekom met daardie skare, as hulle nog kwaai gedruk het, kon hulle enige oomblik nou oor gekom het, net voor die skietery.

**DIE VOORSITTER:** Miskien kan u net vir my sê: Waar lede van die Polisionag, soos daar, opgestel word, en opdrag word gegee om te laai, word daar enige spesifieke opdrag gegee oor wanneer geskiet moet word, of word dit aan elke individuele lid oorgelaat om te besluit wanneer 'n geleë tyd is? — Dit word nie aan elke individuele lid oorgelaat om te besluit wanneer dit tyd is om te vuur nie. Daar moet 'n bevel kom.

Is dit 'n soort van staande instruksie, of was dit daardie dag gegee? — So'n instruksie was nie daardie dag gegee nie. Al instruksie wat daardie dag gegee was, was om die vyf rondes te laai. Dit is al wat ek gehoor het — om vyf rondes te laai.

In bepaalde omstandighede, is dit die gebruik dat daar gewag moet word totdat 'n senior offisier, of die persoon in bevel, die mense aansê dat hulle nou moet vuur? — Dit is 'n kwessie, daardie, wat ek sou sê hang af van die omstandighede, daar — van die dreigende gevaar. Maar gewoonweg ...

Ek wil net weet. Is daar enige staande instruksies ten opsigte van daardie aangeleentheid? Met ander woorde, weet 'n gewone konstabel wat drie maande in die Polisionag is, wat so in gelid opgestel word, wat hy moet doen nadat hy sy vuurwapen gelaai

— het —



het? --- Daar is instruksies in die Staande Orders wat vir hom sê wanneer hy sy vuurwapens mag gebruik. Hy weet - elke lid van die Mag weet, elke konstabel en elke lid weet dat hy nie mag vuur sonder dat hy 'n bevel kry nie, buiten dat hy miskien alleen is op 'n plek en hy sien hy is in doodsgevaar, daar. Dan moet hy self sy diskresie gebruik en sien, "As ek nie nou vuur nie, dan is my lewe in gevaar; ek sal nou doodgemaak word". Maar daar is instruksies dat hy nie kan vuur sonder dat hy 'n bevel kry nie.

VERHOOR HERVAT: Wat is jou eie mening omtrent die noodsaaklikheid of andersins van die skietery op daardie gegewe oomblik? --- Ek dink dit was uiters noodsaaklik om te vuur op daardie gegewe oomblik. Daar het reeds twee skote geval wat vir my gegaan het, vanuit die skare gekom het. Ek was onder die indruk hulle vuur uit die skare uit, en ek sou sê dit was noodsaaklik, op daardie tydstip, as gevolg, ook, van die klippe en die ander instrumente, dat daar nou gevuur moes word.

Hoe ver het jy van kol. Pienaar af gestaan, op daardie oomblik? --- Toe gevuur word?

Ja? --- Ek sou sê seker nie verder as vyf treë van hom af nie.

Het jy gehoor of hy bevel gegee het om te vuur? --- Ek het nooit so-lies gehoor nie.

Sou jy kon hoor? --- Ek sou dit seker darem kon hoor, as hy 'n bevel gegee het. Hy sou seker baie hard geskree het. Op vyf treë reken ek moes ek dit gehoor het.

---Het---



Het jy enige van die manskappe, of offisiere wat daar was, enigiets gehoor sê, net voor die skietery?  
--- Ek het niks gehoor sê nie.

As hier getuigenis sou kom van manne wat sê dat hulle wel 'n bevel gehoor het, kan jy enige verduideliking daarvan gee, waar dit vandaan kom? --- Wie sou daardie nense wees, as ek mag weet?

Nee, dit maak nie saak wie hulle sou wees nie. As van die manne ... ? --- Wat daar was, bedoel u?

Ja; van die manne wat werklik geskiet het. Indien hulle sou kom getuig dat hulle wel 'n bevel gehoor het, kan jy enige verduideliking gee; as dit nie van <sup>Pienaar</sup> kol./af gekom het nie, vanwaar dit kon gekom het? --- Wel, dan moes dit van my af, seker, gekom het. Maar nie een van ons het so-iets gesê nie, en as hulle so kom sê, dan moet ek eerlik sê, dit sal seker nie die waarheid wees nie.

DIE VOORSITTER: Mag ek net dit verstaan: In daardie omstandighede, wie was veronderstel om die bevel te gee, indien dit nodig sou blyk? --- Kol. Pienaar was in bevel. Hy sou die bevel gegee het om te vuur.

VERHOOR HERVAT: Gestel een van die manne wat bietjie meer dan die ander aangedaan was deur die gevaar wat hy gesien het, sou self besluit het om te skiet en sonar terloops ook gesê het, "Skiet", sou jy dit kon gehoor het, vanwaar jy gestaan het? --- Sy skoot wat hy geskiet het?

DIE VOORSITTER: Die Polisie, soos ek verstaan,

--- WAS ---



was in gelid opgestel oor 'n distansie van omtrent 70 treë? --- So ongeveer.

Waar het u en kol. Pienaar gestaan? --- Ons het links van die hek gestaan, so skuinsoor die hek, aan die Westekant.

Is dit nou aan die een punt van hierdie linie wat opgestel was, of sou dit in die middel van die linie gewees het? --- Dit was nie presies in die middel gewees nie. Dit was seker op 'n punt wat 'n derde van die linie sou uitgemaak het, waar ons gestaan het.

Ek dink die vraag was gewees, indien iemand in daardie linie miskien iets sou gesê het, "Kom ons skiet nou", of so-iets, sou u dit gehoor het? --- Ek sou dit gehoor het as daardie persoon miskien naby genceg aan my gewees het - sê binne vyf treë of so. Dan sou ek dit gehoor het.

Sê binne vyf tot tien treë? --- Omtrent so. Dan sou ek dit miskien gehoor het, onder daardie omstandighede. Dit hang natuurlik ook daarvan af hoe hard hy geskree het.

U het in elk geval niks gehoor nie? --- Ek het absoluut niks gehoor nie.

VERHOOR HERVAT:  
/Hoe lank, volgens u mening, het die skietery aangehou? --- Volgens my gedagte daar geregistreer het, daardie dag, moet ek sê dit was beslis nie langer as twintig sekondes gewees nie.

Het hulle geskiet van die saracens af? Het die saracens geskiet? --- Die saracens het nie geskiet nie.

Hulle is voorsien met masjiengewere? --- Browning



en masjengewere.

Dié het nie geskiet nie? — Dié het nie geskiet nie.

Het van die stengewere geskiet? — Die stengewere het nie geskiet nie. 12

Was die stengewere ook in dieselfde linie gewees as die ander manskappe met die .303? — Hulle was ook in dieselfde linie gewees. 1277

Het hulle almal bymekaar gestaan, of was hulle van mekaar af, tussen die gelid? — Die regte posisie van die stengewere kan ek werklik nie beskryf nie, of hulle almal, wat met stengewere gevuur het, langs mekaar gestaan het - dit kan ek nie beskryf nie. Maar ek sou sê hulle was bietjie versprei gewees. Daar mag gewees het wat twee langs mekaar staan. Die posisie kon jy moontlik gekry het. 'n Mens het nie se opgelet nie, onder daardie omstandighede nie.

Nou net weer u indruk: Wat was u indruk? Dat daar gelyktydig geskiet is uit 'n klomp vuurwapens, of dat eers 'n paar begin het en toe later die ander ook begin skiet het? — Ek reken sover ek kan onthou het daar twee skote van ons manne se kant eers geval. Toe was die sarsie daar gewees; toe skiet die hele lot. Ek sou nie sê die hele lot nie, maar 'n klomp van die manne wat in die lyn gestaan het, daar.

Is dit moontlik dat jy daardie twee skote kan verwar met die twee skote waarvan jy vroeër melding gemaak het? — Beslis nie. Daardie skote kan nie

— daarmee —



daarnee verwar word nie.

Reken jy dit het ontrent twintig sekondes aangehou?

--- Ek glo nie langer as twintig sekondes nie.

Hoe het dit opgehou? Ook plotseling - die hele klomp wat geskiet het, of het dit geleidelik opgehou?

---Nee; dit kon onmoontlik nie plotseling opgehou het nie. Dit is 'n bietjie onmoontlik. Ek sal dit vir u so stel: So'n vuur-sarsie is nie iets wat jy soos elektrisiteit net so kan afskakel nie. Dit het ook nie geleidelik opgehou nie. Ek sou so dit het onmiddellik opgehou nadat die manne gesien het ons het hulle gestop. Maar daar was nie die geval, by voorbeeld, dat nadat hulle die bevel gekry het om te stop, een of twee man of 'n paar nog aangegaan het met skiet nie. Daardie ding was nie daar gewes nie.

Toe julle die bevel gegee het om te stop, het julle net 'n mondelinge bevel gegee, of het julle tekens gewys, of wat? --- Ek het rondgehardloop, my arms in die lug gehou, en ek het vir hulle geskree om te stop, so hard as wat ek moontlik kon. Kel. Pienaar, het ek gesien, het dieselfde gedoen.

Was dit net julle twee, of meer?--- Iait. Freemantle was ook daar, maar ek kan nie onthou wat hy gedoen het nie. Ek onthou van kel. Pienaar wat ek gesien het, ook, wat vir hulle geskree het om te stop.

Julle was nou agter die gelid - agter die linie?  
--- By daardie tyd, ja.

Wat was jou indruk; het hulle gehoor, toe julle  
--- geskree ---



geskree het, die eerste keer, "Stop skiet", of nie? --- Die eerste keer dat ek geskree het "Stop", was ek nog hier voor die linie gewees; en toe sien ek dinge word vir my gevaarlik, daar. Toe gaan ek agter die linie, en toe skree ek weer, "Stop", met my hande in die lug; en eers daarna, lyk dit vir my, het die manne gehoor hulle moet nie meer vuur nie.

DIE VOORSITTER: Wanneer het u vir die eerste keer geskree dat hulle moet stop - onmiddellik toe hulle begin vuur, of 'n tyd daarna? --- Dit was net na 'n sekond of twee of drie miskien, dat ek nog voor die linie was, dat ek geskree het "Stop". Maar of hulle vir my gesien het, weet ek werklik nie, want ek het toe onder deur hulle geglip en agter-toe gegaan, en weer agter gaan skree, vir hulle - ek het langs hulle, agter, af gehardloop en geskree "Stop".

VERHOOR HERVAT: Hoekom het u geskree hulle moes stop? --- Op daardie stadium, en die laaste keer veral - wil u weet die eerste keer, of die tweede keer?

Die eerste keer, toe u mondelings vir hulle sê, en vir hulle tekens gee hulle moet stop. Waarom wou u gehad het hulle moes stop? --- U sien, my eerste indruk daar - ek het nie gewest wat sou die posisie wees nie, want ek het geen bevel gehoor van vuur nie. Daarom het ek, toe ek nog voor die manne was, geskree "Stop". Maar onmiddellik daarna - ek het nie lank daar vertoef nie - is ek deur die linie, na agter. Toe het ek gesien sommige van die Bantoes het ongedraai; ander het nog bly staan. Blykbaar was hulle verbaas gewees, ek weet nie; hulle het bly staan. Maar ek het ook --- gesien ---



gesien ander, man die agterkant, druk nog meer vorentoe. Maar toe dié wat vorentoe druk om ook voor by die skare te kom - toe hulle op die vlug slaan, agter - want hulle het nog met kieres agter gestaan - toe het ek verder geskree, "Stop nou; stop!"

Wat was nou eintlik die posisie? Ek wil nou net jou eie gedagtegang graag hier hê. Indien die posisie so gevaarlik was dat jy gereken het dat die manne geregtig was om te skiet, of dat dit noodsaaklik was om te skiet, maar 'n bevel is nog nie gegee nie - wat sou jou optrede wees? --- Ek het reeds gesê: Toe ek voor gestaan het, het ek probeer vir hulle stop. Ek het op daardie oomblik gedink daar was nie 'n bevel gegee om te vuur nie. Maar later, toe ek agterkom, toe ek weer oor die massas kyk, toe sien ek die voorstes draai om, die ander staan en ander druk van agter af; ek het gevoel die skietery het nog nie die gewenste uitwerking gehad op die skare nie. Sodra dit die gewenste uitwerking gehad het, dat die agterstes op vlug geslaan het, het die manne opgehou met vuur.

Na die skietery, het jy die liggane van die dooie Bantoes daar sien lê, en die liggane van die wat beseer is - op die plek waar geskiet is? --- Ek het die liggane van omtrent 200 Bantoes op die grond gesien lê, in die pad, voor die Polisiestansie. Tussen hulle was ook diégene wat beter kopgehou het, deur plat te val. Hulle het later weer opgespring en weggehardloop, nadat die skietery verby was.

Toe het julle natuurlik 'n stadium bereik waar

--- niemand ---



niemand meer opspring en weghardloop nie? --- Ja.

En net die beseerdes en die dooies het daar bly 18?  
--- Het daar bly 18, ja.

Weet jy hoeveel daar was? --- Soos ek so oor hulle gekyk het, sou ek sê die dooies en beseerdes gesamentlik was ongeveer 200 gewees.

En wat is toe gedoen in verband met die persone wat daar gely het? --- Die eerste opdrag was toe gewees van kol. Pienaar dat daar reëlinge getref moet word om die gewondes so gou as moontlik by die hospitaal op Vereeniging te kry.

Is dit gedoen? --- Ja. Freemanle het gereël vir ambulans, en die ambulans het baie gou gekom. Die gewondes was, sou ek sê, met simpatie behandel terwyl hulle opgetel was, daar. Ek het gesien hulle word mooi behandel. Hulle was in die ambulans gelaai. Die ambulansmanne was self ook daar gewees. Die gewondes was toe vervoer na die Vereeniging hospitaal.

Was enigiets gedoen in verband met die gewondes voordat die ambulans gekom het? --- Ek het niks gesien wat daar in verband met hulle gedoen was nie.

Voor die ambulans gekom het, was die mense wat daar gely het - het hulle alleen daar gely, sonder 'n Polisie wat daar tussen hulle was? --- Die Polisie was daar tussen hulle gewees, ja.

Hoeveel Polisie? --- Dit was 'n gedeelte van die klomp manne wat daar gewees het, met die skietery. Ek kan u werklik nie sê hoeveel was daar gewees nie. Daar was seker veertig/vyftig van ons manne tussen die

--- gewondes ---

Thurk  
nelly  
Vanderveer



gewondes en die dooies gewees.

Hoe lank na die skietery het dit geneem voordat aandag geskenk was aan die beseerdes? --- Ons het onmiddellik die ambulansse ontbied om hulle te kry. Onmiddellik was dit gedoen gewees, en die ambulansse was - onder daardie omstandighede, dat die telefoon-draad gesny was, moet ek sê dit het werklik met spoed verloop, die kom van die ambulansse; dit was baie gou.

DIE VOORSITTER: Wanneer was die ambulansse daar?  
--- Ek sou sê die ambulansse was seker van tien minute na 'n kwartuur na die voorval daar gewees, sou ek sê.

VERHOOR HERVAT: Hoe lank het dit geduur voordat al die gewondes weggeneem was? --- Dit het seker nie meer as 'n uur geduur nie.

Vanwaar moes die ambulansse kom? --- Vanaf Vereeniging, en sommige vanaf Johannesburg.

Sou u sê dat enigiets meer gedoen kon word vir die beseerdes, daar, as wat werklik gedoen is? --- Ek kon nie sien wat ons vir hulle kon doen nie, behalwe dat ons so gou as moontlik vir hulle kon wekry om behandeling by die hospitaal te ontvang.

As enigiemand sou sê dat julle aandag geskenk het aan die dooies voordat julle aandag geskenk het aan die beseerdes, sou dit waar wees? --- Nee, dit is regtig nie waar nie. 'n Mens is darem 'n mens. Jy sal darem eerder na die beseerde gaan en sien of hy enige hulp nodig het, as wat jy eers na die dooie sou gaan. Ek sou regtig nie sê dit is waar as so'n bewering gemaak word nie.



As iemand sou sê dat julle nie genoegsaam die nodige aandag geskenk het aan die beseerdes, onmiddellik, nie, sou dit waar wees? — Dit sou nie waar wees nie.

Kaptein, het jy enigiets gedoen daarna, terwyl die manne nog daar was, om vas te stel wie geskiet het, en so aan? — Wel, ek sal u sê, die eerste wat ek gedoen het, sover ek nog kan onthou, is ek het opdrag gegee dat die klippe en ander instrumente wat binnekant die Polisiegronde lê, binnekant die draad — daardie instrumente moes versamel word en na die kantore geneem word. Dit het ek gedoen in opdrag van kol. Pienaar. Daarna het ek vasgestel wie van ons manskappe almal getref was deur voorwerpe wat uit die skare gekom het, en ek het hulle name afgeskrywe.

Geen hulle vir ons, dat ons hoor? — Daar was twaalf van hulle gewees.

Twaalf van die Polisie-manne wat ...? — Twaalf blankes, ja.

Beseerdes? — Ja.

DIE VOORSITTER: U sê "wat getref was"; was hulle ook beseer? — Hulle het na my gekom. Ek het toe gevra, "Wie is almal beseer?" Toe het hulle na my gekom en ek het gesê "Ek wil julle nommers, julle range en name hê", en dit het ek afgeskrywe. Ek kan vir u sê van twee beseerdes wat ek gesien het.

VERHOOR HERVAT: Watter gevalle was dit? — Dit was konst. Joubert, wat 'n rooi kol hier op die linkerkant van sy bors gehad het. Hy het teenoor

— my —



my beweer dat 'n klip hom daar getref het. Dan is daar konst. van Schalkwyk, wat vir my 'n offense rooi kol op die biesep van sy linkerarm, hierdie spier van sy linkerarm (dui aan) getoon het - 'n offense rooi kol. Joubert se rooi kol was donkerder, op die bors, die linkerkant van die bors.

Ja, ons wil nie te veel besonderhede hê nie. Het u ernstige beserings gesien? --- Ek het geen ernstige beserings gesien nie.

Was daar niemand wat hulp nodig gehad het nie? --- Van ons manne, glo ek nie daar was een gewees wat sulke hulp nodig gehad het nie.

Ek dink nie ons hoef verder daarop in te gaan nie.

DIE VOESITTER: Die lys van name is beskikbaar, ingeval dit benodig word? --- Ja; ek het dit afgekryf.

VERHOOR HEEVAT: U sê daar was twaalf? --- Ja; daar was twaalf blanke Polisievanne gewees.

Het u toe vasgestel wie geskiet het? --- Ek het nie vasgestel wie geskiet het nie. Nou, brig. Els het na die voorval daar gekom. Ek het aangeneem by wou inligting na die hoofkantoor te Pretoria stuur, en hy het net gevra ek moet by benadeeling vasstel hoeveel van die manne het gevuur, waarmee het hulle gevuur. Ek het dit gedoen.

Hoe het u te werk gegaan? --- Ek het hoofkonstabel Kalam, wie daar teenwoordig was, opdrag gegee, om die manne te paradeer en van hulle vas te stel wie gevuur het en waarmee hulle gevuur het. Ek het gesien by het die manne wat nie gevuur het nie, laat uitval,

--- hulle ---



hulle geskel van die ander en daarna het die inligting by my gekom, wat ek afgeskryf het.

Van wie het jy die inligting gekry? — Van hoofkonstabel Malan het ek dit gekry. Ek het dit oorgedra aan brig. Els.

Wat was die inligting? — Hy het vir my gesê daar het 52 man geskiet met .303 gewere. Daar het 7 man met stengewere gevuur. Daar het ses man met .38 rewolwers gevuur.

Het u positief vasgestel hoeveel skote geskiet is, of het u dit by benadering uitgerek, of wat? — Ek het dit so oorgeneem van hoofkonstabel Malan af. Hy het vir my gesê dit is by benadering, hierdie getalle wat hy aan my gegee het. Hy het gesê die 52 .303's was 200 - 260; die sewe stengewere, was 180 skote; die ses rewolwers het 36 rondes gevuur.

Het jy van hom uitgevind hoe hy dit uitgerek het? — Ek het nie uitgevind nie. Ek het veronderstel die manne het vir hom op parade gesê hoeveel hulle gevuur het - elke man het seker vir hom daar gesê. Ek het dit so aangeneem.

- VERDAAG: 11.15 v.m. -

- HERVAT: 11.30 v.m. -

HENDRIK GERT THERON, nog onder eed:

VERHOOR DEUR MNR. CLAASSEN HERVAT: Kaptein, wat is u ondervinding in die Polisie diens? — Ek het in 1938 by die Mag aangesluit. Ek het nou plus/minus 22 jaar diens in die Mag.

— Was —



Was u ooit gestasioneer in sentra waar u Bantoe-  
ondervinding opgedoen het? --- Ja. Ek was net na uit-  
passering aan die einde van 1938 na die Transkei-gebied  
gestuur, en in die jare daarna was ek by voorbeeld in  
Sekukuneland gestasioneer, in die Mapedi-streek; en  
ek was ook in die Ciskei gestasioneer, waar ook baie  
Natuurlike aanwesig is - baie Bantoes.

Reken u dat u die geaardheid en optrede van die  
Bantoe ken? --- Ek sal nie sê ek ken dit baie goed nie,  
maar ek het wel 'n baie deeglike kennis van hulle  
opgedoen, van hulle gewoontes, hulle geaardheid.  
Daarmee het ek baie te doen gehad, en ek het baie  
gesien hoedat hulle optree onder sekere omstandighede.

Het jy kon uitmaak wat die bedoeling was van die  
betogings, daar? --- Ek het verstaan hulle sou op  
daardie dag na die Polisiestasies kom om hulleself oor  
te gee om gearresteer te word omdat hulle nie bewys-  
boekies het nie, en blykbaar om sodoende dan 'n moeilike  
situasie vir die Polisie te skep. Maar my afleiding  
van die houding van die skare op daardie dag was dat  
dit nie so was nie.

Hoekom sê u dit? --- Omdat, in die eerste instansie  
het ek inligting ontvang - ek kan nie sê wie het dit  
gedoen nie; ek het inligting ontvang van 'n telefoons-  
draad wat gesny was. Die algemene houding van die  
skare, die woorde wat ek daar uit hulle gehoor het,  
die oproerigheid, die kleries wat in die lug geswaai  
is op die agtergrond - ek moet sê hulle bedoeling was  
daardie dag heeltemal anders gewees as om net daarheen  
te kom, na die Polisiestasie, om in hegtenis geneem te



hulle geskeel van die ander en daarna het die inligting by my gekom, wat ek afgeskryf het.

Van wie het jy die inligting gekry? — Van hoofkonstabel Malan het ek dit gekry. Ek het dit oorgegee aan brig. Els.

Wat was die inligting? — Hy het vir my gesê daar het 52 man geskiet met .303 gewere. Daar het 7 man met stengewere gevuur. Daar het ses man met .38 rewolwers gevuur.

Het u positief vasgestel hoeveel skote geskiet is, of het u dit by benadering uitgerek, of wat? — Ek het dit so oorgeneem van hoofkonstabel Malan af. Hy het vir my gesê dit is by benadering, hierdie getalle wat hy aan my gegee het. Hy het gesê die 52 .303's was 200 - 260; die sewe stengewere, was 180 skote; die ses rewolwers het 36 rondes gevuur.

Het jy van hom uitgevind hoe hy dit uitgerek het? — Ek het nie uitgevind nie. Ek het veronderstel die manne het vir hom op parade gesê hoeveel hulle gevuur het - elke man het seker vir hom daar gesê. Ek het dit so aangeeem.

- VERDAAG: 11.15 v.m. -

- HERVAT: 11.30 v.m. -

HENDRIK GERT THORON, nog onder eed:

VERHOOR DEUR Mnr. CLAASSEN HERVAT: Kaptein, wat is u ondervinding in die Polisiediens? — Ek het in 1938 by die Mag aangesluit. Ek het nou plus/minne 22 jaar diens in die Mag.

— Was —



Was u ooit gestasioneer in sentra waar u Bantoe-  
ondervinding opgedoen het? — Ja. Ek was net na uit-  
passering aan die einde van 1938 na die Transkei-gebied  
gestuur, en in die jare daarna was ek by voorbeeld in  
Sekukuneland gestasioneer, in die Napedi-streek; en  
ek was ook in die Ciskei gestasioneer, waar ook baie  
Natuurlike aanwesig is - baie Bantoes.

Reken u dat u die geaardheid en optrede van die  
Bantoe ken? — Ek sal nie sê ek ken dit baie goed nie,  
maar ek het wel 'n baie deeglike kennis van hulle  
THE CHAIRMAN: You see, the picture I have - correct me if I am wrong; perhaps I will understand your cross-examination on this particular point better. The picture I have from this Witness is this, that you had the people pressing against the fence, let's take it, most of them possibly unwillingly, in the sense that they

— were —



were really being pushed from behind. Now you have this burst of fire. You have some who have either been hit, or who realise that there is real danger, turning. You have the others who were surprised, not quite realising what was happening, and I understood from this Witness, you had the others who were further away from the immediate danger at the back, still trying to come nearer, not realising what was happening. So that was more or less the picture I had from this Witness. Ek weet nie of dit korrek is nie? — Ja; dit is soos ek dit gesien het.

Toe die vuur gestaak is, wat was die posisie toe geweest? — Toe die vuur gestaak is, sover ek kan onthou, toe hardloop daar nog Bantoes weg; toe is daar nog Bantoes besig om weg te hardloop.

Enkeles, groot getalle? — Nee, ek sou sê groot getalle wat nog besig was om weg te hardloop; en soos ek alreeds genoem het hier, tussen die dooies en die gewondes, was daar die gesondes wat gaan plat val het, wat besig was om op te spring; hulle hardloop ook weg. Dit is die prentjie wat ek gesien het na die vuur gestaak is.

**CROSS-EXAMINATION CONTINUED:** When the firing stopped, when they started running away, where were they running? — Seker maar in enige rigting.

But when the firing stopped, the street on the West side was empty, except for the bodies on the ground? — Behalwe vir hierdie wat opgespring het, tussen die dooies en die gewondes - wat daar opgespring het en gehardloop het.



In other words, the firing went on until the street on the West side of the Police Station was empty, except for the people lying down? — Nee. Nee.

Well, I thought that was what you just said? —  
Hulle is daar voor, ander spring op, ander is nog bezig om weg te hardloop - toe het die vuur al gestaak.

But those who were running away, were running away in the distance? — Die een het hier gehardloop, die ander een daar. Hulle het nie almal gelyk, in 'n lyn gehardloop nie. Hulle was deurmekaar gewees. Jy kan nie sê die een was hier en die ander een was daar gewees nie.

But the simple point is that when the firing stopped, the street outside the Police station was clear except for the people lying down? — Nee.

Or dead, or wounded? — Nee; dit was nie so nie. Ek het een u gesê, daar was nog diegene gewees wat opgespring het, en daar was nog diegene wat nog tussen hulle oek gewees het, aan die kante, wat uitgehardloop het, weggehardloop het. Hulle was nog bezig om te hardloop toe die vuur gestaak is.

DIE VOORSITTER: Was daar enige wat op daardie tydstip probeer het om julle te nader, met ander woorde - nense wat agter was? — Nadat die vuur gestaak is?

Ja; op daardie moment toe die vuur gestaak is? — Nee; ek het nie so iets gesien nie.

Toe was, sover u kon sien, almal bezig om te ritireer? — Almal was bezig om weg te hardloop.

CROSS-EXAMINATION CONTINUED: Well, now, as the learned Commissioner put it, Capt. Thron, 5,000 or



or 15,000 people wouldn't turn as one man? — Seker nie.

But as soon as the shooting started, is the position not that the crowd broke; that the moment the shooting started the crowd broke? People in front turned round? — Nee, ek stem nie saam nie.

Is it not correct that as soon as the people at the back realised what was happening, they ran away? — Ek weet nie wanneer het hulle dit agtergekom nie.

You are not suggesting that any section of the crowd was advancing in the face of your bullets? — Ek kan nie sê wat hulle plan was nie.

You don't say that? — Ek sal nie dit sê nie, want ek weet nie wat was in hulle gedagtes nie. Ek het net gesien hulle hou kleries in die lug.

I am talking about after the shooting started; people at the back - you don't suggest that they were advancing across the street and towards the fence, in the face of your fire? — Ek sal nie se-lets aan die hand doen nie. Ek weet nie. Ek kan nie sê wat was in hulle gedagtes nie.

How long did it take before your shouting to the people to stop firing had some effect? I think you told us that you were shouting to them to stop firing, after you came behind them; and so was Col. Pienaar? — Ja.

But they did not seem to hear you at first; isn't that right? — Ja. Ek het eintlik deurgegaan want ek was bang ek sou self getref word.

And then you saw what was happening? — Agter, ja.

Then you again started shouting to them to stop?

— Ja —



---Ja.

And Col. Pienaar was doing the same? ---Ja. Die hele skietery het, vandat die eerste skoot by ons geval het, het ek gesê, seker nie langer as twintig sekondes geduur nie. Binne daardie twintig sekondes het ek geskree.

But did it seem to take some time before they heard you and stopped? --- Dit kan so wees, dat hulle my nie duidelik gehoor het nie.

And they went on shooting for a little while? --- Ja; vir die twintig sekondes.

Did Col. Pienaar blow his whistle? ---Nee. Ek het dit nie gehoor nie.

Did you try and blow your whistle to stop them? ---Nee, ook nie.

But you heard him shouting, or did you just see him waving his arms? --- Ek het gesien hy skree, maak sy mond oop, en hy steek sy hande ook op in die lug.

Was he also in front of them when he was shouting to them to stop? --- Ek weet nie; toe die skietery begin het, was hy ook voor by my gewes en toe hy begin skree het, weet ek nie waar was hy toe gewes nie.

Did he also start shouting to them to stop immediately at the same time as you did? --- Ek kan nie sê wat hy daar gesê het nie.

But you just know that you heard him, and saw him shouting to them to stop? --- Ja.

Do you know whether any disciplinary action has been taken against any Policeman for opening fire without an order? --- Wat my stasie betref, waar ek

--- gestasioneer ---



gestacioneer is, is daar nie so-iets gedoen nog nie.

Have you been told to institute any enquiry as to who started the shooting? --- Nee.

We understand that there is a prosecution against members of the crowd on a charge of public violence. Do you know whether any member of the Police is being prosecuted for his action in shooting at the crowd? --- Ek weet dit nie. Eerlikwaar, ek weet dit nie.

As soon as this shooting was all over, did Col. Pienaar not try to find out who had started shooting without waiting for any order? --- Hy mag dit gedoen het, maar ek was toe ook nie altyd by hom gewees nie. Ek kan nie sê nie.

I take it he will be able to tell us. At any rate, on what you tell us, even if people were shot in the back, it would not be the majority who were shot in the back? --- Ek weet nie hoeveel was in die rug geskiet nie. As daar mense in die rug geskiet is, weet ek dit nie.

No, but on what you saw, would you expect to find that many were shot in the back? --- Ek glo nie dat daar baie in die rug geskiet moes gewees het nie. Ek kan nie sê nie. Ek glo dit nie.

And you would be surprised if the evidence was that the majority had been shot in the back? --- As dit so is, dan is dit so; ek weet nie.

But that was not your observation? --- Nee.

That is not what you would expect? --- Nee; nie wat ek gesien het nie.

So you certainly would not expect to find that



the majority of the people who were shot and wounded, were shot from the back. You would not expect that? — Nee; ek weet nie.

In which direction did the Police shoot — just to the West, or straight out into the crowd, in Swans Street, on the West? — Ja, na die Westekant was hulle op gevorm en hulle het na die Westekant gekyk. Ek dink die meeste was na die Westekant gevorm gewees.

Did they shoot, also, to the North-West? — Na die Noord-Wes?

You know what I mean by the North-West. If this book is the Police Station, there is the West; there is the front entrance with the name on the ...? — Ja, ek weet. Dit is soos ek gestaan het, aan die linkerkant — Noord-Wes. Dit weet ek nie. Ek het nie so waargeneem, of iemand daarheen ook gekyk het nie. Dit kan ek werklik nie sê nie.

Was anyone shooting on the South? — Dit weet ek nie.

And on the North? — Daar was nie nimmie wat daar gekyk het nie. Diemanne wat gekyk het, was hier aan die Westekant op gevorm. Ja, hier aan die Westekant was die nimmie op gevorm.

Did you see anyone shoot to the North? — Nee.

Did you see anyone shoot to the North-East, round the corner? — Nee, ek weet nie.

If they had done that, would you have seen it? — Ek glo nie ek sou dit gesien het nie.

I think I should just make it quite clear; it follows from what you have said that there aren't any

— standing —



standing orders or instructions and there is nothing about how long shooting should go on? — Nee. Sover ek nou kan onthou, is dit nie in die staande orders van die Polisie nie. Dit mag so wees, maar ek kan nie nou daaraan dink nie.

NO FURTHER QUESTIONS:

MR. PLEWMAN: NO CROSS-EXAMINATION.

HERVERHOOR DEUR MEE. CLAASSEN: Kaptein, sou u dink dit sou prakties wees om instruksies uit te gee wat sou voorskryf tot wanneer die Polisie moet skiet en wanneer hulle moet ophou? — Ek glo nie daar kan sulke instruksies voorgeskryf word, as ek my opinie mag lig daaromtrent nie, want die een geval is nie soos die ander geval nie.

Apart van staande instruksies in verband met die middele wat die Polisie moet gebruik om skares uiteen te jaag, wat is die middele wat aangewend word, wat u van weet, om skares uiteen te jaag? — Daar is knuppels wat kan gebruik word, bajonette aan die gewere; 'n bajonet-stormloop kan toegepas word. Dit is omtrent al waarvan ek weet.

Traangas? — Traangas, as die wind reg is, meentlik. Traangas - wat hulle my daarvan vertel, nie uit eie ondervinding nie, is traangas 'n moeilike man om te gebruik.

Ja; ek wil maar net weet wat die verskillende dinge is wat u van weet? — Ja.

Was daar een van die middele wat u weet wat gebruik kon word om die skare uiteen te jaag, wat jy nou doel-treffend sou gewees het, in hierdie geval - behalwe ...?  
— Nie een van daardie middele wat ek nou gansen het,



kon na my mening daar met welal toegepas geword het, gebruik geword het nie - nie in daardie skare nie.

Hoekom sê u dit? ---Hulle was te opstandig, oproerig; hulle was te veel gewees om uitmekaar te jaag. Met daardie duisende glo ek nie ons kon daardie middele toepas nie - nie na my mening nie. Ek sou dit in elk geval nie gewaag het nie.

GEEN VERDERE VRAE NIE.

DEUR DIE VOORSITTER: Kaptein, ek wil net een of ander van u vernem. Vir die laaste paar minute voordat daar geskiet is, sou dit vermoedelik kol. Pienaar se plig gewees het as daar 'n bevel gegee moes gegee geword het, om dit te gee? ---Ja.

Van u kant, u sou nie 'n bevel gegee het nie? --- Ek sou bealis nie so 'n bevel gegee het sonder sy instruksies nie.

Wat ek graag van u wil weet, is u gemoedstoestand in daardie laaste tydperk voor daar geskiet is; het u ooit aan die noodsaaklikheid vir die gebruik van vuurwapens gedink? ---Om die waarheid te sê het ek gedink die tyd sal nou enige tyd aanbreek dat ons sal moet op die skare skiet.

Hoekom? --- Vanweë hulle houding.

Watter houding? --- Daardie kieries swaal in die lug en daardie gesegdes wat hulle gesê het, wat ek vanôre hier aersghaal het. Hulle het altyd meer lawaierig geword; en die draad, het ek opgemerk, word altyd meer verontoe gedruk, by daardie tyd, net voordat kol. Pienaar gekom het. Ek het gedink dit sou vir my tyd word, as daar nie versterkings opdaag

--- nie ---



nie, om te moet vuur.

U sê voordat kol. Pienaar daar aangekom het, het u daaraan gedink? — Het ek daaraan gedink. Ek het gevoel ons was toe nog 'n paar man, en dit is altans ook — net 'n rukkie voor kapt. Brunner gekom het, het ek gevoel ons is net 'n paar man en hierdie skare, as hulle moet deur daardie drade bars vandag, dan sal ons hier nie kwendig uitkom nie.

Was u by, daardie tydperk voor daar gevuur was; was u in die onmiddellike omgewing van kol. Pienaar? — Hy was 'n paar treë links van my gewes, sê so vyf treë links van my was hy gewes.

Het u hoegenaamd nie die posisie met hem bespreek nie, om u eie gevoelens aan hem oor te dra nie? — Nee. Die dinge was so deurnekaar en daar was soveel lawaai dat daar was nie tyd op daardie oomblik, vir daardie bespreking, tot die tyd dat daar gevuur is nie.

As ek u getuigenis reg verstaan, het u op daardie oomblik tussen die linie en die skare gestaan? — Ja.

Het u op daardie oomblik verwag dat daar miskien gevuur kan word? — Ek het nie so verwag nie, want ek het gedink daar sal eers van kol. Pienaar 'n bevel kom.

Ek lei af van u getuigenis dat kol. Pienaar ook tussen die linie en die skare gestaan het? — Ja.

Toe die eerste skote van Polisiekant gevuur is, het u op eie houtjie besluit om die vuur stop te sit, indien moontlik, of het u eers opgesien na Kol. Pienaar, om te sien wat hy doen? — Nee, daar het ek uit my eie opgetree.

— Het —



H.G. THERON  
Onderwa deur die  
voorsitter.

Net as u self 'n herinnering het - ek dink 'n mens kan jou maklik indink in daardie posisie waarin jy jou toe bevind het, maar het u enige herinnering hoegenaamd van wat kol. Pienaar se onmiddellike reaksie was toe die eerste skote van die kant van die Polisie gevuur was? --- Dit is moeilik, want ek het nie my oog altyd op hom gehad nie.

Nee, ek kan dit begryp maar as u ...? --- Sover ek in my gedagte terugdink, dink ek by het net dieselfde gedoen as wat ek gedoen het. My het ook sy hande in die lug gesteek en hulle probeer stop.

Wat ek ook graag van u wil verneem, as u moontlik vir my kan sê - hierdie eerste skote waarna u verwys, die eerste twee van die kant van die Polisie - het u enige herinnering of daardie skote gekom het van die Polisie wat die verste van u en kol. Pienaar gestaan het, of in die middel, of naby aan u? --- Dit het vir my gegaan dit het van my linkerkant af gekom, van die Noord-Westekant. Die kortste kant was dan aan my kant gewees.

Sou dit wees die mense wat aan die hek, naaste aan die hek se kant-toe was? --- Nee, hulle was nog voor die hek opgestel.

Die linie soos ek dit verstaan, was hier aan die Westekant, dit wil sê hier waar die hek is op Bewysstuk "B"? --- Ja.

Dit was daar opgestel? --- Ja.

Waar het u - kan u vir my wys min of meer in watter rigting het u gestaan? --- (Getuie teen aan). Die Westekant is hier. Ek het met my rug na die skare gestaan, 'n bietjie links van die hek weg. Die hek



is omtrent net waar daardie mense daar staan.

U het net u rug na die hek gestaan, en 'n bietjie links? — 'n Bietjie links van die hek.

U sê dat sover u kon oordeel, het die eerste twee skote gekom van? — Van my linkerkant af.

Daar is verwyse na klippe en stekke wat binne-in die Polisiesterrein opgetel is? — Ja.

Totdat kol. Pienaar gekom het, was daar te enige tyd miskien enige voorwerpe gegooi? — Nog nie. Niks wat ek gesien het nie.

Niks wat u gesien het, was in die Polisiesterrein ingegooi nie? — Nee.

Vir watter tydperk voordat daar geskiet was deur die Polisie, is daar van hierdie voorwerpe in die terrein ingegooi? — Na die episode by die hek, het alles baie vinnig gebeur. Dit was die twee skote wat ek gemeen het wat uit die skare kom, en toe feitlik terselfdertyd het die klippe en ander voorwerpe gekom, en ook terselfdertyd het ek gesien die een Polisie-beampte gryp hier na sy linkerkant, van sy lyf. Dit het alles feitlik een tyd gebeur.

En die skiet van die Polisie? Hoe lank sou u skat na hierdie voorwerpe gegooi is? — Dit was seker nie meer as 'n sekond of twee nie, dat die Polisie begin skiet het nie.

Die ammunisie wat aan u lode, onder u beheer, uitgereik is, watter tipe ammunisie was dit - as u daar persoonlike kennis van dra? — Ongelukkig is ek nie ekspert met die wapens en ammunisie nie, maar ek sal



na die beste van my vermoë daar antwoord, en dit is dat daardie wapens en ammunisie wat deur die manne daardie dag gebruik was op Sharpeville, word deur die kwartiermeester van die Suid-Afrikaanse Polisie, Pretoria, uitgereik. Sommige ammunisie aan die Stasie, wat op stasielas is, en sommige ammunisie aan elke manskap, wat op sy persoonlike las is.

Maar vir seker u weet, was dit standaard-ammunisie? --- Dit was ammunisie wat aan hulle uitgereik is by die Polisie-stasie, voordat ons daar weg was, wat my manne aanbetref.

U het gesê dat nadat die Polisie in linie opgestel is, is daar 'n bevel gegee dat hulle moet laai? --- Ja.

Ek vermoed dat die manne toe daartoe oorgegaan het? --- Ek veronderstel so, ja.

Met "laai", bedoel u in die sin dat die patrone word in die magazyn gelaa? --- In die magazyn, ja.

Sou die manne wat naaste aan die Polisie gestaan het, dit kon gesien het? --- Die Bantoes?

Ja? --- Hulle moes seker gesien het, as hulle verstaan het wat gedoen word. Hulle moes dit gesien het, maar ek sou nie kon sê dat hulle verstaan het wat gedoen word nie. Maar hulle moes dit gesien het.

Kan u met vir my verduidelik, die tipe .303 gewere wat daar gebruik is - wat sou die Polisie doen en dit te laai, net ander weerde en vyf rondes te laai? Moet die magazyn uitgelaa word en die koeëls dan daarin gestop word? --- Nee; hy sal blykbaar die slot ooptrek.

En dan van bo-af dit ...? --- En dan vyf enkel



rondes van bo-af instop.

Wat is die posisie met stengewere? Sou dit ook dan gelaai gewees het? --- Die vyf rondes laai was natuurlik nie vir die sten bedoel nie, want die sten is 'n bietjie anders. Dit het so 'n langerige magasyn, sover ek kon sien, kon gesien het. Maar ek kan nie sê dit was gedoen nie, maar ek veronderstel toe daardie bevel geken het, as die sten-manne dit gehoor het, sou hulle waarskynlik 'n magasyn in die sten gesit het. Dit is miskien die normaalste reaksie van 'n man met 'n sten.

Na die skietery afgehandel is - u het daar tussen die verwondes geleop, nie waar nie? --- Ja.

Is daar enige eerste hulp toegepas voordat die ambulans opgedaag het, selfs in die sin van verwondes gemakliker laat voel? --- Ek het gesien daar was van die nie-blanke lode veral wat hulle hande en sommige van die gewondes het en hulle probeer laat gemaklik sit of so.

U praat nou van die nie-blanke Polisiekonstabels? --- Van die Polisiekonstabels. Dit is al wat ek gesien het in die vorm van noodhulp.

Wanneer is die deuce liggane verwyder; was dit voor, of nadat die verwondes verwyder is? --- Daar was twee troepdraers vir hulle beskikbaar gewees. Ek het nou nie daarop ag geslaan hoe hulle vervoer het nie, maar dit kon terselfertyd geskied het as wat die ambulans die verwondes weggery het.

Watter voertuie is gebruik om die deuce liggane te verwyder? Was dit die Polisie se eie voertuie, of was dit voertuie wat van elders gekry is? ---



H.G. THORON  
Undervra deur die  
Voorsitter.

Nee, dit was die Polisie se eie voertuie, sover ek weet. Daar was twee troepedraers gewees.

Wat daar toe by Sharpeville beskikbaar was? — Wat daar was, ja.

Of wat julle van elders moes kry? — Nee, ek dink dit was daar beskikbaar.

Daar beskikbaar ...? — Een het ek gesien was so'n blou-kleur lorrie; dit het ek baie goed onthou. Dit het aan die anderkant van die straat - het hulle dit later kom parkeer, daar. Dit was daar gewees. Hulle het dit van binnekant blykbaar gebring, van die agterplaan binnekant die Polisieostasie.

MER. KENTRIDGE (DEUR DIE VOORSITTER): Kaptein, kan u miskien net verduidelik waaraan die opdrag om te laat spesifiek na vyf rondes verwys het? Is daar enige rede waaraan dit vyf is en by voorbeeld nie een is, of die volle magasyn nie? — Ek kan nie sê nie. Dit is die bevel wat ek gehoor het. Hoekom die kolonel dit gesê het, kan ek regtig nie sê nie. Ek het hom nooit daarna gevra, hoekom hy nie gesê het tien moet gelaai word of laat die magasyn vol nie.

Sover u weet was daar geen rede nie? — Ek kan nie dink oor 'n rede hoekom hy gesê het vyf rondes nie. Dit mag wees dat hy in gedagte gehad het, as daar moet gevuur word wil hy nie groot skade maak nie, of iets van die aard.

In verband daarmee, wat u eie kontingent betref, u het hulle laat laat voor u gekom het? — Ja; by die ingang van die lokasie het ek hulle laat laat.

— Nee —



H.G. THORPE  
Onsevrige deur die  
voorsitter  
J.H.P. OUBREKKE  
hoofgetuig.

Hoe het u hulle laat laat? --- Ek het net gesê "Laai". Ek het nie opgelet nie. Ek veronderstel hulle het tien gelaai, elke man, seker; ek kan nie sê nie.

U is nie seker nie? --- Nee. Ek het nie opgelet daarna nie. Toe moes ek vinnig speel.

U het hulle in elk geval nie beperk nie? --- Nee, ons is nie beperk om te laat nie; die magasyn vat tien rondes.

---

JACOBUS NICOLAAS PIETERSEN COETSEE, beëdig, verklaar:

VERHOOR DEUR MNR. GLAASSEN: Jy is 'n konstabel in die Suid-Afrikaanse Polisie? --- Ja.

Waar is jy nou gestasioneer? --- Te Port Shepstone.

Op die 21e Maart van hierdie jaar, waar was jy toe gestasioneer? --- Te Vereeniging.

Het jy op daardie dag tesame met ander lode van die Mag na die Sharpeville-lokasie gegaan? --- Ja.

Onder bevel van wie was jy? --- Onder bevel van maj. van Zyl.

Hoe laat het julle by Sharpeville aangekom? --- Dit was ontrekks 4-uur voormiddag, op die 21e.

Wat was die toestand wat julle daar gevind het? --- In die voormiddag, toe ons opdaag, was dit nog stil gewees. Ons het die lokasie patroleer met voertuie. Die oggend ontrekks 7-uur was die Bantoes in die hoofstraat van Sharpeville saamgedrom. Ons het by

--- die ---



die Munisipale kantore in die hoofstraat bygegaan, en daar het ons gestaan terwyl die Bantoes 'n paar treë voor ons staan, die hele straat vol. Hulle was opstandig gewees.

Watter tyd was dit? — Dit was ontrent 7-uur v.m.

Was daar baie van hulle? — Daar was baie Bantoes.

Kan jy 'n skatting maak? — Nee, ek kan nie 'n skatting maak nie.

DIE VOORSITTER: Sou jy sê daar was 500, 30,000?  
— Ek ...

Jy het al voetbalwedstryde bygewoon, nie waar nie?  
— Ja.

Kan jy min of meer 'n skatting gee; ons is nie van plan om jou vas te bind by een of twee of selfs 100 nie - miskien nie eers 1,000 nie? — Hulle het die hele straat vol gestaan; ek sou skat by die 15,000.

VERHOOR HERVAT: In watter stemming was hulle?  
— Hulle was opstandig gewees.

Waarvan het jy dit afgelei? — Wel, baie van die Bantoes het na ons gespoeg. Een het nog op my hemp gespoeg en gesê, "Julle sal vrek, julle wit honde". Dit het ek met my eie ore gehoor. Daarvan het ek afgelei, hulle was definitief opstandig gewees.

Het hulle wapens gehad? — Hulle het wapens gehad.

Wat het hulle daarmee gemaak? — Die voorste Bantoes wat by ons gestaan het, kon ek nie sien of hulle gehad het nie; maar die wat tussenin gestaan het, het kleries by hulle gehad en dan het hulle hoë klippe bymekaar gehad. Daarvan het ek afgelei daar



gaan moeilikheid kom.

Het julle die skare daar laat staan, of wat het julle gedoen? —Maj. van Zyl en offisiere het met die Bantoes gepraat en <sup>met</sup> die leiers daar wat die kaffers opgestoek het, en ons het maar daar gestaan, die konstabels, op instruksies van die offisiere. Maj. van Zyl het met die skare Bantoes gaan praat maar hulle wou nie luister nie. Daarna het hulle traangestomme gegooi tussen die skare, wat ook nie gehelp het nie. Die kaffers het geweldig opstandig geraak en maj. van Zyl het toe vir hulle, volgens sy vingers, vyf minute tyd gegee om te gaan, maar hulle het nie. Op sy instruksies het ons hulle toe storgeloop met knuppels.

Julle het toe 'n knuppelstornloop uitgevoer? — Uitgevoer, ja. Party het stilgestaan, maar ons het hulle gejaag en hulle het uiteengespat. Ons het julle gejaag tot by die eerste straat, waar die huise begin. Daar het ons opgehou en weer op die voertuie geklim, maar ons het net op die voertuie geklim toe kom daar 'n klipperen op ons af van die huise se kant af. Ons was in die voorste voertuig, en dit was oop gewes, en ons kon nie wagduik vir die klippe nie; hulle het al die klippe op die voertuig gegooi en ons moes afspring en probeer keer waar ons kom. Ons het aan gehardloop tot waar ek 'n klip op my kop gekry het. Dit het my baie aksie gestel vir 'n paar minute - ek weet nie hoe lank nie.

Wat was die omstandighede dat jy 'n klip op jou kop gekry het? — Die Bantoes het na die vragmotor gegooi, soos ek gesê het - die ligte vragmotortjie. Dit was te gevaarlik om op die vragmotor te bly;



dit was geweldig gewees. Ons het af gespring om te probeer skilling kry by die huise. Maar 'n klip het my op die hoof gevang en ek was buite aksie gestel.

Was dit nadat jy afgeklim het, van die vragmotor?  
---Nadat ek afgespring het, toe ek by die huise kom.

DIE VOORSITTER: Jy sê jy is buite aksie gestel; wat bedoel dit - het dit jou bewusteloos gemaak? --- Dit het op my kop geval en ek het net swart gesien en neergeval. Toe het iemand my opgehelp. Ek kan nie onthou wie dit was nie.

VERHOOR HERVAT: Sê jy dat jy bewusteloos was, of bedwelmd was, of wat was dit? --- Ek sal liewers sê ek was bedwelmd gewees; ek was nie heeltemal uit gewees nie.

Wanneer het jy weer tot jou volle bewussyn teruggekeer? --- Nadat iemand my aan die arm gevat het; ek kan onthou dat iemand my aan die arm op gehelp het en gesê het "Kom seun, hier's gevaar".

Is jy na die hospitaal gegaan? --- Daarna is ek na die hospitaal gegaan.

Was jy daar aangehou vir behandeling? ---Ja; ek is steke toegedien, en kwart-voor-neg is ek weer op na Sharpeville, aangesien daar net Vereniging Polisie daar was en ek wou hulle nie in die steek los daar nie.

Kwart-voor-neg was jy weer by Sharpeville? ---By Sharpeville.

By die Polisiestasie? ---Nee; in die straat - een bekant-toe.

Was jy by die stasie gewees tydens die skietery?  
--- Ek was nie by die Polisiestasie, die ergste nie;

--- ek ---



dit was geweldig gewees. Ons het af gespring en te probeer skilling kry by die huise. Maar 'n klip het my op die hoof gevang en ek was buite aksie gestel.

Was dit nadat jy afgeklim het, van die vragmotor?  
---Nadat ek afgespring het, toe ek by die huise kom.

DIE VOORSITTER: Jy sê jy is buite aksie gestel; wat bedoel dit - het dit jou bewusteloos gemaak? --- Dit het op my kop geval en ek het net swart gesien en neergeval. Toe het iemand my opgehelp. Ek kan nie onthou wie dit was nie.

VERHOOR HERVAT: Sê jy dat jy bewusteloos was, of bedwelmd was, of wat was dit? --- Ek sal liewers sê ek was bedwelmd gewees; ek was nie heeltemal uit gewees nie.

Wanneer het jy weer tot jou volle bewanyn teruggekeer? --- Nadat iemand my aan die arm gevat het; ek kan onthou dat iemand my aan die arm op gehelp het en gesê het "Kom seun, hier's gevaar".

Is jy na die hospitaal genees? --- Daarna is ek na die hospitaal genees.

Was jy daar aangehou vir behandeling? ---Ja; ek is steke toegedien, en kwart-voor-mage is ek weer op na Sharpeville, aangesien daar net Vereniging Polisie daar was en ek wou hulle nie in die steek los daar nie.

Kwart-voor-mage was jy weer by Sharpeville? ---By Sharpeville.

By die Polisie-stasie? ---Nee; in die straat - een bekant-toe.

Was jy by die stasie gewees tydens die skietery?  
--- Ek was nie by die Polisie-stasie, die ergste nie;

--- ek ---



ek was aan die onderkant, in die straat gewees, op die onder-ant.

Wat noem jy die onder-ant? — Voor die Polisie-stasie loop twee paaie — die straat voor die Polisie-stasie was ek.

Dit is nou die Westekant? — Nee, dit was die Noordekant; ons was aan die Noordekant van die Stasie gewees.

Aan watter kant van die Polisie-stasie was jy? — (Getuie dui aan op kaart)(Bewysstuk "C").

Dit is 'n lugfoto van 'n gedeelte van Sharpeville. U verwys hier na 'n punt Suid van die Polisie-stasie.

DIE VOORSITTER: Weet u watter straat u in was — die naam? — Nee.

MNR. CLAASSEN: Mielagbare, dit kom voor dat hy dan op die Suid-Oostelike punt gestaan het, in Seeiso-straat, of liewers in Zwane-straat.

DIE VOORSITTER: Is dit waar die kruisie in blou geteken is? — Ja.

Is dit waar u gestaan het? — Ja; in Zwane-straat.

VERHOOR HERVAT: Was jy alleen daar, of het jy by iemand aangesluit, daar? — Ons het by ander aangesluit. Daar was 'n hele paar konstabels teenwoordig, met 'n offisier. 'n Offisier was ook teenwoordig, daar waar ons gewees het.

Hoe laat het jy daar aangekom? — Dit was so na twaalf gewees.

Tydens die skietery, was jy nog daar gewees? — Ja. Ek het vier konstabels het aan die agter-ant — gestaan —



gestaan. Die offisier was bang die Bantoes sou van agter aanval. Ons het eers voor gestaan, met ons gesigte na die Bantoes, en na die Polisiestasio. Daarna is ons op instruksies van die offisier na agter gestuur, waar ons toe gestaan het, om toessig te hou oor die Bantoes wat agter ons gewes het, dat hulle ons nie van agter kon aanval nie.

Wat het julle toe gemaak - het julle agteruit gegaan? --- Ja; vier van ons het agteruit gegaan en daar gaan plaasneem.

Dit is nou verder van die Polisiestasio? ---  
Verder van die Polisiestasio af.

Sodat daar geen Bantoes agter julle was nie? ---  
Dit is reg, ja.

En hoe ver was julle toe van die Polisiestasio af?  
--- Ons wat omtrent 200/<sup>trek</sup> van die Polisiestasio af.

En het julle net daar gestaan? --- Ja; ons het daar gestaan.

Tot alles verby was? --- Toe die skietery begin, het ons na vore gehardloop, na waar ons gewes het, voorheen; ons het daar gaan plaasneem.

Waarom het julle nie ingegaan, in die Polisiestasio nie? --- By 12-uur, of voor 12-uur, terwyl ons terugkom, kom twee Bantookomstabels van Sharpeville Polisiestasio aangery om vir ons te sê die Bantoes wil die Polisiestasio aanval. Ek is nie seker nie, maar die landrover, met konst. Bayl, het ook daar aangekom. Daarna is ons in twee verdeel; een deel is bekend die Polisiestasio, en ons is onderkant-toe, waar ons plaasneem het.

DIE VOORSITTER: Ek is nie seker of dit 'n antwoord



J.H.P. COETSEE  
Hoofgetuig.  
Kruisverhoor.

is nie. Sover u weet, het u nie na die Polisieostasie gegaan omdat u nie daar kon kom nie, of omdat u opdrag gekry het om op 'n ander plek op diens te wees? — Ek het opdrag gekry.

VERHOOR HERVAT: Vanwaar jy gestaan het, kon jy sien wat aangaan by die Polisieostasie? — Toe ek daar by die voerpunt kom, was die skietery al klaar gewees, so-te-sê.

Toe jy waar kom? — Ons was agter gewees om toesig te hou oor die Bantoes agter ons. Toe het die skietery begin, toe het ons na vorentoe gegaan. Toe ons opdaag by die voerpunt, was die skietery verby gewees, al.

Ja, nee, maar ek bedoel nou, u was daar in die nabyheid van die Polisieostasie tydens die skietery? — Ja.

Vanwaar jy was, toe dit geskiet word, kon jy sien wat daar aangaan? — Nee; ons het daar opgedaag toe die skietery verby is. Toe die eerste knal gegaan het, het ons om gegaan na vorentoe.

GEEN VERDERE VRAE NIE.

KRUISVERHOOR DEUR MRS. KENTRIDGE: Konst. Coetsee, kan u asseblief nog 'n kruisie hier maak op Bewysstuk "C", om vir ons te wys waar u gestaan het toe die skietery begin het? — (Getuie merk met "xl").

Beteken dit dat julle klemp mense met daar in die pad gestaan het? — Ja.

Met 'n voertuig? — Daar was voertuie.

Watter soort voertuig was dit? — Dit was

— Polisie —



Polisie-vragmotors en vangwaens gewees.

Hoeveel voertuie het julle in julle groep gehad?  
--- Daar was ongeveer vyf.

En hoeveel manskappe in julle groep? --- Ongeveer tien of twaalf.

DIE VOORSITTER: Was dit nou blanke lede? --- Blankes.

Net blankes? --- Net blankes.

Was daar geen nie-blanke konstabels nie? --- Daar was 'n geringe aantal nie-blankes; ek kan nie onthou hoeveel daar was nie.

KRUISVERHOOR HERVAT: Tussen julle groep daar op die hoek en die Polisie-stasie, was daar Naturelle? --- Voor ons?

Ja? --- Daar was Bantoes gewees.

Dit wil sê Was van julle, tussen julle en die Polisie-stasie? --- Ja.

Was daar 'n groot aantal? --- Daar was 'n groot aantal - waar u vinger is, net 'n entjie dikkant toe, by die straat.

Dit wil sê, op die Suid-Ooste hoek van die Polisie-stasie was daar 'n aantal? --- Ja; heeltemal so en was daar Bantoes gewees.

En aan die oostekant, daar waar jy gestaan het gedurende die gevuur? --- Daar was ook Bantoes gewees.

Das was julle deur Bantoes omsingel? --- Ja. Ons was deur Bantoes omsingel.

Het daardie Bantoes niskien kieries gedra? --- Agter



ons?

Ja? --- Hulle het nie kieries gedra nie. Hulle het maar daar gestaan, volgens my, uit nuuskierigheid.

En die Bantoes voor julle? --- Die voor ons het kieries gehad, hier en daar, wat ek gesien het.

Maar julle het geen moeilikheid gehad nie? --- Geen moeilikheid by ons nie.

Hulle het julle nie aangeval nie? --- Nee.

Hulle het geen klippe gegooi nie? --- Nie na ons nie.

Julle voertuie is nie beskadig nie? --- Die voertuie is die oggend beskadig.

Ja, maar daardie tyd? --- Daardie tyd nie.

Het julle groep enige skote afgeskiet? --- Nee.

DIE VOORSITTER: Die hele dag nie? --- Die oggend, toe ek gegooi is met klippe, het ek een skoot afgeskiet, en dit was oor hulle koppe gewees.

KRUISVERHOOR HERVAT: Julle groepe van ontrent twaalf het opdrag gekry en daar te staan? --- Ja.

Wat was die rede vir die opdrag; het julle offisier miskien vir julle gesê? --- Nee; die offisier het ons met opdrag gegee en daar te staan.

Wie was die offisier - wat was sy van? --- Dit was kapt. Coetsee gewees.

Toe die skietery plaasgevind het, het die Bantoes weggehardloop? --- Soos ek voorheen gesê het, toe ek by die voorpunt kom, toe ek op hardloop het ek gesien hulle hardloop. Toe ek voor kom, was die skietery verby.

--- En ---



En hulle het weggehardloop? ---Hulle het weggehardloop, ja.

Maar toe u op daardie punt gekom het, het die Bantoes nog weggehardloop, of was hulle alreeds weg? --- Toe was hulle alreeds weg gewees.

DIE VOORSITTER: Het enige Bantoes in Zwane-straat verby u gehardloop, waar u en die ander lode gestaan het? ---Nee.

Het u gesien in watter rigting hulle ...? --- Hulle hetna die agterkant van die Polisieostasie gegaan.

As u sê die "agterkant", wat bedoel u? --- Na die hoofstraat se kant in Sharpeville.

KRUISVERHOOR HERVAT: Die Noordekant? --- Dit is reg, ja.

Volgens die kruisies wat u gemaak het, was die tweede posisie net 'n paar treë van die eerste posisie af? ---Ja.

U sê toe u vorentoe gekom het, was die skietery al verby? ---Ja.

Bedoel u, toe u hier by die vorige punt gekom het, waar die ander manskappe gestaan het, dat die skietery alreeds verby was? --- Ja. Ons het agter gestaan vir obstruksie, sodat ons nie van agter aangeval word nie. Toe dit agter stil is, toe gaan ons vorentoe.

Hoe lank het die skietery geduur, meen u? --- Ek kan onmoontlik nie sê nie; dit was baie vinnig gewees.

En toe die skietery oor is, het julle na die Polisieostasie gegaan? ---Ons het nog daar bly staan.

Die hele tyd? --- Die hele tyd.

---Hoe ---



En hulle het weggehardloop? ---Hulle het weggehardloop, ja.

Maar toe u op daardie punt gekom het, het die Bantoes nog weggehardloop, of was hulle alreeds weg? --- Toe was hulle alreeds weg gewees.

DIE VOORSITTER: Het enige Bantoes in Zwane-straat verby u gehardloop, waar u en die ander lede gestaan het? ---Nee.

Het u gesien in watter rigting hulle ...? --- Hulle hetna die agterkant van die Polisieostasie gegaan.

As u sê die "agterkant", wat bedoel u? --- Na die hoofstraat se kant in Sharpeville.

KRUISVERHOOR HERVAT: Die Noordkant? --- Dit is reg, ja.

Volgens die kruisise wat u gemaak het, was die tweede posisie net 'n paar treë van die eerste posisie af? ---Ja.

U sê toe u vorentoe gekom het, was die skietery al verby? ---Ja.

Bedoel u, toe u hier by die vorige punt gekom het, waar die ander manskappe gestaan het, dat die skietery alreeds verby was? --- Ja. Ons het agter gestaan vir obstruksie, sodat ons nie van agter aangeval word nie. Toe dit agter stil is, toe gaan ons vorentoe.

Hoe lank het die skietery geduur, meen u? --- Ek kan onmoontlik nie sê nie; dit was baie vinnig gewees.

En toe die skietery oor is, het julle na die Polisieostasie gegaan? ---Ons het nog daar bly staan.

Die hele tyd? --- Die hele tyd.

---Hoe ---



Hoe laat het u weggekem? --- Mar. Heyl, die hoofkonstabel gestasieneer hier op Vereeniging, het my laat roep van die Polisiestatie af, en ek is ook soekentoe.

Sharpeville-Polisiestatie? --- Sharpeville. Daar het hy my instruksies gegee om terug te keer na Vereeniging Polisiestatie.

En toe u by Sharpeville Polisiestatie aangeken het, was die gewonde persone nog buite in die straat? --- Hulle was nog buite.

Hulle was nog nie verwyder nie? --- Nog nie verwyder nie.

En die lyke? --- Die lyke was nog daar gewees. Ek kan nie sê wie was dood en wie was verwond nie, maar soos ek gesien het, was daar baie verwondes gewees en hulle was nog daar toe ek daar weg is.

GENE VERDERE VRAE NIE.

DIE VOORSITTEN: Hoe laat was dit? --- Dit was hier by 2-uur se kant - voor dit.

Hoe lank - het u enige idee hoe lank nadat daar geskiet was? --- Ons het ontrent vir 'n halfuur of so daar gestaan.

KRUISVERHOOR DEUR MNR. FLEMMAN: Ek het nie die laaste vraag duidelik gehoor nie. U sê u was gestasieneer hier op die eerste punt wat u uitgewys het, vir min of meer 'n halfuur voor die skietery? --- Ja.

Het julle toe nense gekeer wat na die Polisiestatie se kant geloop het? --- Ja; die wat van agter gekem het, was gekeer.

Julle het hulle gekeer en gesê hulle moet teruggaan? --- Ja.



J.H.P. COETZER  
Kraaienvoer.

Ondervra deur die  
voorsitter.

<sup>na</sup>  
En/die skietery, het julle ook nense gekoor wat  
soheentoe won gaan? — Nee, want toe was daar nie  
nense gewes nie.

GEEN VERDERE VRAE NIE.

DIE VOORSITTER: Het u enige herinnering, vandag,  
van hoe die skietery begin het? — Nee.

In dié sin: Het u enige enkele skote gehoor, en  
daarna 'n sarsie; of hoe het dit voorgeval? — Die  
Bantoes het so lawaai daar, om die waarheid te sê, ek  
het net die geweerskote hoor afgaan. Die Bantoes het  
so lawaai gemaak, ons was so gewoon daaraan, ons het  
ons nie daaraan gesteur, ontrent, meer nie. Ek het  
nog met my rug na hulle gesit toe hoor ek die gewere  
afgaan. Ek kan nie sê dat ek één enkele skoot gehoor  
het nie.

Maar daar uit julle groep uit, het julle miskien  
vir een of ander rede, voordat daar gevuur was, miskien  
om nense af te skrik of so, 'n skoot of twee in die lug  
afgevuur? — Nie wat ek van weet nie.

Het u miskien te een of ander tyd kort voordat  
die sarsie geskiet is by die Polisiestasie, gehoor of  
daar skote afgevuur word? — Die enigste skoot wat ek  
gehoor het, was die oggend gewes.

Nou ek praat nou net van by Sharpeville Polisie-  
stasie? — Nee; ek kan nie onthou nie; dit was so'n  
deurnekearspal gewes.

Jy kan gladnie onthou nie? — Nee; dit was te  
veel van 'n deurnekearspal gewes, daar, by Sharpeville-  
Polisiestasie.



J.N.P. COSTER  
Kruisverhoor.  
Ondervra deur die  
Voorsitter.

En/die skietery, het julle ook nense gekeer wat soheentoe wou gaan? — Nee, want toe was daar nie nense gewes nie.

GEEN VERDERE VRAE NIE.

DIE VOORSITTER: Het u enige herinnering, vandag, van hoe die skietery begin het? — Nee.

In dié sin: Het u enige enkele skote gehoor, en daarna 'n sarsie; of hoe het dit voorgeval? — Die Bantoes het so lawaai daar, om die waarheid te sê, ek het net die geweerskote hoor afgaan. Die Bantoes het so lawaai gemaak, ons was so gewoond daaraan, ons het ons nie daaraan gesteur, ontrent, meer nie. Ek het nog met my rug na hulle gesit toe hoor ek die gewere afgaan. Ek kan nie sê dat ek één enkele skoot gehoor het nie.

Maar daar uit julle groep uit, het julle niskien vir een of ander rede, voordat daar gevuur was, niskien om mense af te skrik of so, 'n skoot of twee in die lug afgevuur? — Nis wat ek van weet nie.

Het u niskien te een of ander tyd kort voordat die sarsie geskiet is by die Polisie-stasie, gehoor of daar skote afgevuur word? — Die enigste skoot wat ek gehoor het, was die oggend gewes.

Nou ek praat nou net van by Sharpeville Polisie-stasie? — Nee; ek kan nie onthou nie; dit was so'n deurnekaarupul gewes.

Jy kan gladnie onthou nie? — Nee; dit was te veel van 'n deurnekaarupul gewes, daar, by Sharpeville-Polisie-stasie.



HERVERHOOR DEUR MNR. CLAASSEN: Hoe lank sê jy nadat jy die skietery gehoor het, het jy by die Polisiestasie aangekom? — Ek kan nie sê hoe lank dit was nie. Dit was seker 'n halfuur of 'n kwartuur gewees. Ons het daar gestaan en toe kom konst. Steyn, van Boksburg, daar aan en sê die hoofkonstabel wil vir my sien. Ek moes toe langs die draad op na die Polisiestasie, na hoofkonstabel Heyl.

Is jy in by die Polisiestasie? — By die voorhekkie in.

Het die gewondes en die dooies nog daar gely? —

Ja.

Was iemand met hulle besig, of was hulle alleen? — Toe ek opstap was daar konstabels tussen die gewondes al gewees.

Weet jy, het jy van die vervoerwaens daar gesien, of van die ambulansse? — Nee; daar was Polisie-vaagwaens gewees, in die jaart.

Nie buite waar die liggens gely het nie? — Nee. Ek is voor daardie tyd weg.

Weet jy of by daardie stadium party al vervoer was, of nie? — Nee, ek kan nie sê nie.

GEEN VERDERE VRAE NIE.

- VERDAAG 4.00 n.m. tot -  
Donderdag, 21 April  
1960 om 10.00 v.m.